

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal
16 April 1978

Onderwerp: Die gemeente - die kroon van roem

Lees: 1 Thessalonicense 2

Teks: 1 Thessalonicense 2 verse 19, 20

Sing: Psalm 33 verse 1 en 7
Psalm 68 vers 15

“Dit was die Apostel Paulus wat Christene bewus gemaak het van die impak van die wederkoms van Jesus Christus op hulle. Dit blyk ook duidelik in die sterk beklemtoning van die wederkoms in die twee briewe aan die Thessalonicense, wat waarskynlik Paulus se oudste briewe was. In 1 Thessalonicense eindig elkeen van die vyf hoofstukke met die klimaks van die wederkoms. Die slot van hoofstuk 1 vertel hoedat die Seun van God uit die hemel verwag word; en hier aan die einde van hoofstuk 2 word weer gepraat van die wederkoms van onse Here Jesus Christus.

“Die woord wat Paulus hier gebruik het, is letterlik nie ‘wat kom’ nie, maar bloot net ‘koms’. Die Grieke van daardie tyd het dit gewoonlik gebruik om die aankoms of besoek van ’n koning of ’n keiser êrens in sy ryk aan te kondig. In die Nuwe Testament verwys dit na daardie laaste beslissende seëvierende tweede koms van Jesus Christus.

“Wat in die teks van hierdie preek so belangrik is, is die prominensie wat die aardse gemeente op daardie finale groot dag sal hê; en dat ons elkeen persoonlik daarby betrokke sal wees. Paulus het gesê: ‘... julle is ons hoop of blydschap of kroon van roem in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms.’ (1 Thes 2:19) Daarmee word vandag steeds aan die kerk en aan elke gemeente ’n versekering en ’n vaste belofte gegee van die wonderlike en heerlike ervaring wat die gemeente van Jesus Christus op daardie dag sal beleef.

“Maar voordat ons nou ingaan op hierdie hoop, blydschap en kroon waarvan die Skrif praat, laat ons ’n kort samevatting gee van wat op daardie dag van die wederkoms van Jesus Christus gaan gebeur:

“Dit sal begin met God se roepstem deur middel van die aartsengel.

“Dan sal die hemelliggame in die heelal totaal verander en in beroering kom. Die son sal donker word en die maan sal nie meer sy glans hê nie. Die sterre sal val en die kragte van die heelal sal geskud word.

“En dan sal die teken van Jesus Christus in die hemel verskyn. (Matt 24:30) Sommige Skrifverklaarders dink dit sal die teken van die kruis wees.

“Daarna sal ons Jesus Christus in sy heerlijkheid sien kom op die wolke. (Mark 13:26)

“Daar sal ’n harde trompetgeskal wees en engele sal oor die hele aarde gaan om die uitverkorenes te versamel. (Matt 24:31)

“Dan sal al die gelowiges wat gesterf het, opstaan en saam met almal wat nog lewe, Jesus tegemoet gaan in die lug om altyd saam met Hom te wees. (1 Thes 4:17)

“Paulus het ’n beeld gebruik wat gekom het van die fees van die Griekse Olimpiese spele, om die plek van die gemeente by die wederkoms van Jesus Christus te beskryf. Hierdie beeld wat Paulus meermale gebruik het, het gekom van hierdie bekende atletiekbyeenkoms wat vir die Grieke so belangrik was. Dit was nie net ’n wedstryd nie, maar ook ’n fees ter ere van gode en spesifiek die afgod Zeus. So ’n atletiekbyeenkoms het gepaard gegaan met optogte en ’n aanloop tot ’n spannende hoogtepunt, met uiteindelik die wedloop voor die juigende toeskouers. Daarna is die oorwinnaar met groot verering aan die skare voorgestel en is ’n erekrans onder applous om hom gehang.

“Dit was alles dinge wat Paulus met sy eie oë gesien het. En hy het dit gebruik om die lewe van die Kerk en die stryd van die geloof voor te stel: ‘Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal. En elkeen wat aan ’n wedstryd deelneem, onthou hom in alles - hulle nogal om ’n verwelklike krans te ontvang, maar ons ’n onverwelklike.’ (1 Kor 9:24,25) Ook aan die einde van Paulus se lewe het hy gesê: ‘Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.’ (2 Tim 4:7)

“Toe Paulus die plek van die gemeente by die wederkoms beskrywe het, het hy daardie finale hoogtepunt van die atletiekfees in gedagte gehad. Daarom het hy gepraat van die ‘kroon van roem’. Dit is wat die gemeente voor Jesus Christus sal wees: letterlik die erekrans van roem. Wat ’n pragtige beeld.

Die predikers van die Evangelie en hulle gemeentes sal 'n erekrans van roem voor Jesus Christus wees. Daar by die wederkoms op die dag van Jesus Christus se voltooide heerlijkheid sal die gemeente die pragtige trofee van oorwinning wees. En dit is die hoop en blydschap vir ons wat vandag hier te midde van die aardse stryd staan.

“Toe Paulus aan die gemeente van Thessalonica gedink het, soos elke prediker aan sy gemeente behoort te dink, het hy hulle gesien in verband met die wederkoms van Jesus Christus. Ál sy arbeid en ál sy preke en ál sy gebede was daarop gerig dat hulle die erekrans van roem op daardie groot dag van fees voor Jesus Christus sou wees. Paulus het homself daar sien staan, saam met die Thessalonicense, dieselfde gemeente, man, vrou en kind. Hulle wat in daardie aardse wedloop so hard moes stry, soms so bitterlik geworstel het om die pas vol te hou, soms só moeg geword het, maar tog aangehou het om by die wenpaal te kom. Dit was Paulus se hoop en toekomsverwachting dat die gemeente van Thessalonica op die dag van Jesus Christus se wederkoms daar saam met hom sou wees. Dit is waaroor sy aardse stryd gegaan het.

“Netso is die wederkomsfees van Jesus Christus, wat kom na afloop van die wedloop vir die gemeente hier en nou, 'n geweldige troos. Dit is waarop die prediking en die bediening van die Woord gerig is.

“Wat Paulus gesê het, is: Wie is ons hoop vir die toekoms? Dit is julle, die gemeente. Ja, wie anders is dit ook in ons tyd? Wie anders in hierdie wêreld kan ons nog die hoop gee? Net kerkmense kan.

“As alles rondom ons en onder ons in duie wil stort en die mensdom tot paniek en wanhoop gedryf word. As ons moed verloor en alles om ons tot niet gaan en die mooiste dinge in die lewe eenvoudig stukkend geslaan word. Wie anders kan weer die blydschap en die vreugde in ons lewens gee? Dit is hier in die kerk waar ons ons enigste hoop en die ware blydschap vind. Paulus het dit duidelik besef.

“Dit is nie koerante wat vir ons hoop en blydschap gee nie. Ons word soms tot moedeloosheid en magtelose frustrasie gedryf deur gebeurtenisse in hierdie wêreld en selfs in ons samelewing: die politiek, die ekonomiese toestande, die sedelike lewe van die mense, ongelukkige huwelike en so baie dinge. Die mens van ons dag maak ons lewens somber.

“Maar by wie is hoop te vind?

“As die kerkmense nie meer die geloof, hoop en liefde het nie, het die wêreld en ons samelewing stikdonker geword. As die gemeente nie meer wil kom staan onder die helder ligstrale van Jesus Christus se wederkoms nie, dan het die toekoms vir ons en ons kinders ’n donker nag geword.

“Maar hier onder die mense waar die Evangelie van Jesus Christus gepreek word en die ryk beloftes van die herskepping van die wêreld, die heerlikheid van die opstand en die Ewige lewe verkondig en aanvaar word, is daar hoop en blydschap. En daar is by die wenpaal die erekrans van roem.

“Amen.”